kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 284

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

Refrein (slegs na strofes 1 en 2)
O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.

"That you need God more than anything, you know at all times in your heart. But don't you know also that God needs you—in the fullness of his eternity, you? How would man exist if God did not need him, and how would you exist? You need God in order to be, and God needs you—for that which is the meaning of your life."
— Martin Buber, I and Thou

Woorddiens

Tema: "Reputasies"

Skriflesing: Markus 3:20-34

Broodjies vir die pad

"The atheist staring from his attic window is often nearer to God than the believer caught up in his own false image of God."
— Martin Buber

"Character is like a tree and reputation its shadow. The shadow is what we think it is and the tree is the real thing."
— Abraham Lincoln

"It is good for us to have trials and troubles at times, for they often remind us that we are on probation and ought not to hope in any worldly thing. It is good for us sometimes to suffer contradiction, to be misjudged by men even though we do well and mean well. These things help us to be humble and shield us from vainglory. When to all outward appearances men give us no credit, when they do not think well of us, then we are more inclined to seek God Who sees our hearts. Therefore, a man ought to root himself so firmly in God that he will not need the consolations of men."
— Thomas à Kempis, The Imitation of Christ

Liefde op Stella ingewikkeld, soos dit orals is

Charles Smith

Xander Bylsma.

Die naam was vandeesweek op baie mense se lippe. Soos baie van ons die eerste keer gehoor het van die dorp Stella.

Afrikaanse naam. Afrikaanse plek. Afrikaanse skool en kerk. Ons mense, soos die oumense sou sê. Stella is so klein soos my dorp. So Afrikaans. Met sy skool en koshuis en die wonderlike en aaklige dinge wat op my dorp gebeur het.

Stella is op 'n manier my plek.

Môre word die pragtige vriendinne Sharnelle Hough (17) en Marna Engelbrecht (16) saam begrawe. Hulle is Saterdag tussen 02:00 en 03:00 in die koshuis vermoor.

Op een foto word Xander Bylsma deur die polisie weggelei nadat hy weens hul moord in hegtenis geneem is. Volgens die polisie het hy 'n bekentenis afgelê. Xander het met Sharnelle uitgegaan. Tot onlangs. Ek kliek op Xander se Facebook-blad. Sy profielfoto is van 'n jaggeweer met knaldemper agter twee dooie rooijakkalse. Sy laaste foto is van hom met die geweer voor die jakkalse.

"Oums se liefseun," skryf Mimi Tapuch in die eerste kommentaar op die foto. Daar is 'n foto van hom en 'n vriend met 'n reuse-baber in die hand. Vriende wat gesellig kuier. En 'n foto wat uitspring: van hom en 'n glimlaggende Sharnelle. Sy neem 'n selfie met hom teen haar bors aangeleun.

Daar is baie foto's van hulle twee. En van hom in kamoefleerdrag. En met gewere. Min mense weet soveel van vuurwapens en ladings vir patrone soos Xander Bylsma, dit is duidelik.

Iemand vra hom oor die knaldemper.

"Ovs van oom Pierre Debeer baie baie nice silincer stil soos die nag vat amper al die recoil weg en gee my tussen 150-210ft/sek meer hang van my lading af . . ." skryf Xander.

Marna is 'n uitsonderlike mooi meisie. Haar profielfoto is van heldergeel gras wuiwend voor 'n windpomp wat halflyf afgesny is. Dis 'n mooi foto. Het sy dit geneem? wonder ek. Iemand het op 15 Mei 'n video vir haar, Sharnelle en ander vriende gestuur oor doelwitte vir verhoudings.

"Ons is bedoel om mense lief te hê en dinge te gebruik. Maar vandag gebruik ons mense en het dinge lief . . . Ons spandeer meer tyd om ons selfone vas te hou as wat ons mekaar vashou."

Ek stop die video. Ek voel skuldig. Die ou praat dalk met my. Sharnelle het dit met 'n rooi hartjie gemerk. Sou Xander dit 'n paar keer in die nag gekyk het in die jagveld nadat hul verhouding verbreek is?

Sharnelle het dieselfde dag om 15:54 haar profielfoto verander. Sy is pragtig, met haar blonde hare wat oor haar skouers val.

"My pragtige kind. Mamma so lief vir jou," skryf ma Sonja met drie rooi hartjies by. Xander Bylsma het ook op die foto

gekliek dat hy dit “like”. Met sy profielfoto met die geweer en die dooie jakkalse. Hy het op 1 Maart 2017 sy verhouding met Sharnelle bekend gemaak.

Ek onthou weer sy jongste verhoudingstatus op sy eie profiel: “Ingewikkeld”

* *Charles Smith is Netwerk24 se nuushoof in die Vrystaat.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/liefde-op-stella-ingewikkeld-soos-dit-orals-is-20180530

“I have frequently seen people become neurotic when they content themselves with inadequate or wrong answers to the questions of life. They seek position, marriage, reputation, outward success of money, and remain unhappy and neurotic even when they have attained what they were seeking. Such people are usually confined within too narrow a spiritual horizon. Their life has not sufficient content, sufficient meaning. If they are enabled to develop into more spacious personalities, the neurosis generally disappears.”
— C.G. Jung

“It takes 20 years to build a reputation and five minuted to ruin it. If you think about that you'll do things differently.”
— Warren Buffett

“Esteemed friend, citizen of Athens, the greatest city in the world, so outstanding in both intelligence and power, aren't you ashamed to care so much to make all the money you can, and to advance your reputation and prestige--while for truth and wisdom and the improvement of your soul you have no care or worry?”
— Socrates

“Human life. Duration: momentary. Nature: changeable. Perception: dim. Condition of Body: decaying. Soul: spinning around. Fortune: unpredictable. Lasting Fame: uncertain. Sum Up: The body and its parts are a river, the soul a dream and mist, life is warfare and a journey far from home, lasting reputation is oblivion.”
— Marcus Aurelius, Meditations

“Who can free himself from achievement
And from fame, descend and be lost
Amid the masses of men?
He will flow like Tao, unseen,
He will go about like Life itself
With no name and no home.
Simple is he, without distinction.
To all appearances he is a fool.
His steps leave no trace. He has no power.
He achieves nothing, has no reputation.
Since he judges no one
No one judges him.
Such is the perfect man:
His boat is empty.”
— Thomas Merton, The Way of Chuang Tzu

“I do not accept any absolute formulas for living. No preconceived code can see ahead to everything that can happen in a man's life. As we live, we grow and our beliefs change. They must change. So I think we should live with this constant discovery. We should be open to this adventure in heightened awareness of living. We should stake our whole existence on our willingness to explore and experience. ”
— Martin Buber

Brood vir die pad

’n Moraliteit en spiritualiteit trou aan hierdie aarde

RRV

In die Griekse mitologie vind ’n mens die verwysing na Antaeus, die seun van Poseidon en Gaia. Hierdie half-reus het verbygangers tot stoeigevegte uitgedaag, en was onoorwinlik vir solank hy in kontak met die aarde, sy moeder, gebly het.

In ’n geveg tussen Herakles en Antaeus (wat dikwels in kuns verbeeld is) het Herakles agtergekom dat hy Antaeus nie gaan oorwin deur hom teen die grond te probeer vaspen nie. Hy het daarom vir Antaeus van die grond opgelig, en kon hom op hierdie manier verslaan.

Die Duitse teoloog Dietrich Bonhoeffer het graag in sy lesings en preke by hierdie legende aangesluit. In 1929, byvoorbeeld, lewer Bonhoeffer as jong predikant in Barcelona ’n voordrag oor “Basiese vrae van ’n Christelike etiek”.

Hierin het hy dit veral teen ’n tipe abstrakte etiek wat meer belangstel in tydlose beginsels as in konkrete situasies, meer in die ewigheid as in die oomblik, meer in die hemel as in die aarde.

Soos wat Antaeus verswak word as hy kontak met die aarde verloor, sê Bonhoeffer verder, word diegene wat die aarde versaak, van hul kragbron afgesny. In sy woorde: “Die aarde bly ons moeder, net soos wat God ons vader is, en alleenlik hulle wat getrou aan hul moeder is, word deur haar in die vader se arms geplaas.”

Wat Bonhoeffer probeer verwoord, en wat hy toenemend sou beklemtoon, is ’n kritiek teen ’n buite-wêreldse vroomheid wat nie hierdie lewe en hierdie aarde ernstig opneem nie. Ons moet volgens hom mense van die heilige hede wees wat in solidariteit met hierdie wêreld leef.

Die afgelope week het ek aan ’n simposium deelgeneem waar die astrobioloog David Grinspoon, skrywer van Earth in Human Hands: Shaping our Planet’s Future, die gesprek ingelei het.

Ons is uitgedaag om oor lewe te dink as iets wat nie bloot op ons planeet gebeur nie, maar met ons planeet. En ons het diep onder die indruk gekom van die mens se vernietigende impak op die aarde, asook die belangrikheid van etiese verantwoordelikheid op ’n planetêre skaal.

Ons gesprek het opnuut die belangrikheid onderstreep van ’n moraliteit en spiritualiteit wat aan die aarde trou bly, soos wat Bonhoeffer met verwysing na die mite van Antaeus ook bepleit.

En die woorde wat Bonhoeffer later (in Desember 1943) uit sy tronksel aan ’n vriend skryf, klink eweneens gepas:

“Dit is alleen as ons hierdie lewe en die aarde so lief het dat daarsonder alles verlore is, dat ons mag glo in opstanding en ’n nuwe wêreld”.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/n-moraliteit-en-spiritualiteit-trou-aan-hierdie-aarde-20180601

“For God does not want to be believed in, to be debated and defended by us, but simply to be realized through us.”
— Martin Buber, On Judaism

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877